# Hou jou diere dié winter in tip-top kondisie

Eze-Graze is 'n verteringsmodifiseerder wat die rumenmikrobes (protosoë, bakterieë en swamme) ondersteun, en dus die verteringsproses verbeter en optimaliseer. Dit is 'n kostedoeltreffende manier om herkouers se rumenmikrobes hierdie winter in 'n uitstekende kondisie te hou vir die optimale vertering van natuurlike weiding.

## Bestanddele

Die produk bevat vier hoogs doeltreffende aktiewe bestanddele wat mekaar komplementeer en sinergisties saamwerk, naamlik:

- Poliëtileenglikol (PEG), wat die tanniene bind en die proteïene wat alreeds met tanniene verbind is, vrystel.
- Polivinielpirrolidoon (PVP) bind saam met die kalsiumhidroksied die tannienmolekules en voorkom 'n toksiese uitwerking op die lewer.
- Kalsiumhidroksied tesame met PVP voorkom dat tanniene aan pepsien (proteïen-verteringsensiem in die liggaam) bind.
- Molasse wat as 'n energiebron vir die mikrobes dien.

## Aanbevelings en werking

Waarom word dit aanbeveel dat Eze-Graze as 'n roetine in die droë seisoen gebruik word? Sodra die herfs- en winterseisoene aanbreek, reën dit minder in die somerreënvalstreke, word die omgewingstemperature kouer en ryp dit in baie gebiede.

Daar vind ook fisiologiese veranderinge in 'n volwasse plant plaas, byvoorbeeld in grasse word voedingstowwe na die wortels toe verskuif en die lae verteerbare vesel en onverteerbare lignienfraksie verhoog, wat die verteerbaarheid verlaag. In struike en bome verhoog die terpene en tannieninhoud van blare soos hulle hulself beskerm teen oorbenutting deur blaarvreters, wat veral 'n groot probleem is in kleiner kampe en op kleiner plase.

Dit is belangrik om te onthou dat herkouers soos beeste, geen ensieme in die rumen (grootpens) afskei nie. Die vertering van gras is totaal afhanklik van die mikrobes se werking. Soos wat die mikrobes die gras verteer, gebruik hulle die voedingstowwe wat vrygestel word om te verdeel en vermeerder.

As gevolg van 'n laer proteïeninhoud in die gras, asook die teenwoordigheid van tanniene en terpene in struike en bome, is daar minder proteïene beskikbaar vir die rumenmikrobes, wat vertering negatief beïnvloed en vertraag. Die gevolg is dat die mikrobes stadig werk en stadig vermeerder.



Deur die mikrobes te ondersteun, help 'n mens vertering aan en verdeel en vermeerder hulle teen 'n vinniger tempo. Die droë wintergras en blare sal nou vinniger verteer word, asook vinniger deur die rumen beweeg, en die dier vreet dus meer.

Die mikrobes is self 'n uitstekende bron van deurvloeiproteïene in die vorm van mikrobiale proteïen vir die dier. Wanneer die mikrobes saam met die fyn onverteerbare gras deurvloei na die melkpens (abomasum), word hulle gedood en verteer deur die dier se eie maagsure en verteringsensieme wat deur die melkpens afgeskei word.

'n Gesonde mikrobepopulasie in die grootpens verseker 'n gesonde bron van deurvloeiproteïene (verteerde mikrobes) vir die dier se gebruik.

## Gebruiksaanwysings

### WANNEER MOET DIT GEBRUIK WORD?

Dit is raadsaam om die gebruik daarvan vroegtydig in die winter seisoen te begin, voordat die mikrobepopulasie te veel nadelig beïnvloed word, deur die swakker gehalte weiding of tanniene teenwoordig in blare. Dit is basies dieselfde tyd as wanneer jy 'n winterlek sal begin gebruik. Gebruik die produk tot die weiding na die eerste reën verbeter. Gebruik die produk vir beide blaar- en grasvreters.

### HOE WEET EK DIE PRODUK WERK?

Wanneer jy Eze-Graze gebruik, sal jy die volgende tekens in jou diere opmerk:

- Verbeterde eetlus.
- Beter benutting van swak weiding, struike en blare.
- Beter kondisie en mis wat deurgaans sag bly en koeke vorm.

### HOE GEE EK DIT VIR MY DIERE?

Eze-Graze kan in water, voer of lekke gegee word.

**teen 'n dosis van 1 – 4 g per dier per dag.**

Een van die maklikste metodes is om dit met jou winterlek te meng. Vir wild, wat byvoorbeeld nie 'n lek kry nie, kan die produk in die water gevoeg word. Dit moet daagliks gegee word sodat die mikrobes elke dag ondersteun word.

> 'n Gesonde mikrobepopulasie verseker dat jou diere gedurende die winterseisoen gesond en gelukkig is. Eze-Graze vervang nie 'n winterlek nie, maar komplementeer die lek wat gegee word.
>
> ☆ Dr Nico du Preez




## Eze-Graze – waar elke gram 'n verskil maak.



KYRON AGRI

**Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika.
Tel: 0861 247 463.